# H O O F S T U K II.

## GEORG SCHMIDT AS SENDELINGONDERWYSER ONDER DIE HOTTENTOTTE, 1737 - 1744.

### 1. Voorgeskiedenis van Georg Schmidt.

Georg Schmidt, die sendelingpionier onder die agterlike Hottentotte in Suid-Afrika, is op 30 September 1709 in Kunewald in Morawië gebore. Christiaan David, 'n godvresende inwoner van Herrnhut het dikwels Morawië en ook die dorpie Kunewald besoek. Op 29 Oktober 1725, toe Christiaan David andermaal op besoek in Kunewald was, het klein Georg 'n kragdadige bekering ondergaan wat hom gedwing het om sy tuiste en verdienste te verlaat en saam met sy vriend na Herrnhut te gaan. Nadat hy op 13 Augustus 1727 saam met baie Herrnhutters te Berthelsdorf 'n wonderlike herlewing ervaar het, het daar by hom 'n ernstige begeerte ontstaan om vir die Here te werk.

Kort hierna het hy saam met Friedrich Boehnisch en Melchoir Zeisberger na Zittau naby Herrnhut vertrek om die inwoners te bearbei. Die ingesetenes van die dorp was nie vir die hartroerende boodskappe van die drie Broeders te vind nie en eerlang is hulle drie op versoek van die fanatieke menigte in die tronk gestop.

Na hulle vrylating het Georg Schmidt na Herrnhut vertrek waar hy saam met vyf-en-twintig ander jongmanne deur die graaf Von Zinzendorf as sendeling opgelei is.[1)]

Enige jare later het hy onderneem om Melchoir Nitschmann na Salzburg in Oostenryk te vergesel ten einde onderdrukte Protestante te vertroos. Dit was 'n uiters gevaarlike onderneming omdat hulle pad deur die gebied van onversoenlike vyande gelei het. In Boheme is hulle ongelukkig deur Rooms-Katolieke owerhede ontdek, gearresteer en in die tronk gestop. Ongekende hoon moes hulle hier verduur deurdat hulle in kettings geslaan en met geboeide hande verplig is om die gemeenste en buitengewone swaar werk te verrig. Wanneer hulle dan

1. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 3-4.

soms as gevolg van vermoeienis en uitputting enigsins verslap het, is hulle met geweld geforseer om hulle werk te hervat.[1] Melchoir Nitschmann was nie bestand teen die vermoeienis nie en, vanweë die skamele voedsel en kilheid en vuilheid van die selle is hy in 1729 in die gevangenis van Schildberg oorlede. Alle versoeke om vrylating deur die graaf Von Zinzendorf was vrugteloos en, na die oorlye van Nitschmann , moes Schmidt nog ses jaar in die tronk deurbring. Nadat hy 'n tydlank in Schildberg opgesluit was, is hy eindelik tot dwangarbeid in Praag gevonnis.[2]

Na sy vrylating in 1734 het hy 'n reis deur Boheme, Francone en Switzerland onderneem om sondaars tot bekering te dwing. By sy aankoms in Herrnhut, is hierdie ywerige sendeling beroep om die Hottentotte aan die suidelike uithoek van Afrika te evangeliseer.

2. Aanleidende gebeurtenisse vir sy koms.

(a) Ten spyte van die feit dat die Hollands Oos-Indiese Kompanjie geen georganiseerde sendingwerk onderneem het nie en ook nie daartoe deur die Gereformeerde Kerk in Holland aangemoedig is nie, het daar van tyd tot tyd tog stemme ten behoewe van die heidene opgegaan.[3]

Alhoewel Jan van Riebeeck, 'n ware belyer van die gereformeerde godsdiens, nie onsimpatiek teenoor die opheffing van die inboorlinge gestaan het nie, het hy nogtans geen begrip van sistematiese sendingwerk gehad nie. Nietemin het hy tog getrag om die laaggesonkenes deur middel van die Evangelie tot beter insigte te bring. So het hy bv. sy swaer, Pieter van der Stael, aangemoedig om slawekinders en vervalle Hottentotte te onderrig.

Ds. Pierre Simond het duideliker as Van Riebeeck besef

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 50.
2. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 197.
3. Die Here XVII het in al hulle koloniale gebiede die beginsel van Cuius regio, illius religio gehandhaaf, en so minderkundiges teen kettery gevrywaar. Sien Cruse: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, 142-143.

dat iemand afgesonder moes word om onder die Hottentotte te gaan werk, terwyl ds. Petrus Kalden, wat van 1697 tot 1706 aan die Kaap werksaam was, hom beywer het om die taal van die Hottentotte aan te leer.[1] Ten spyte van die vooruitgang op die gebied van die onderwys aan blanke en slawe kinders, het die Hottentotte nog ŉ duistere onkunde omtrent God en Sy genade bly verkeer.

(b) Ten gevolge van die besoek van die eerste Protestantse sendelinge, Ziegenbalg en Plütschau wat die Kaap in 1706 op hulle heenreis van Europa na Indië aangedoen het, en dié van Johann Georg Böving ŉ paar jaar later, asook die monumentale „Beschreijvinge van de Kaap de Goede Hoop" deur Valentyn, is nie alleen gesaghebbende inligting aangaande die inboorlinge meegedeel nie, maar ook dringende beroepe op die Christene in Holland, om die Evangelie aan die ontaarde en snel veragterende Hottentotte te bring, gedoen.[2] Twee sendingvriende van die Gereformeerde Kerk in Amsterdam, ? Van Alphen en H. de Bruijn, was sterk getref deur die skreeuende behoefte van inboorlinge in een van die Hollandse kolonies. Op soek na ŉ geskikte persoon om sendingwerk in Suid-Afrika te gaan verrig, het hulle gedagte onwillekeurig teruggegaan na die Unitas Fratrum of Verenigde Broeders te Herrnhut, waarvan die eerste vrugte op hierdie terrein reeds waarneembaar was. Hulle het derhalwe ŉ skrywe aan Herrnhut gerig om te verneem of dit nie vir die Broeders moontlik sou wees om iemand uit hulle geledere vir die bearbeiding van die Kaapse Hottentotte aan te wys nie. Onmiddellik hierna het Georg Schmidt na Amsterdam vertrek en sy dienste by die Here Sewentien aangebied.[3]

Ten einde sy bekwaamheid in hierdie verband te toets, het die Here Sewentien hom deur ŉ Kommissie van Gereformeerde predikante laat ondersoek. Nadat hulle hom deeglik i.v.m. ver-

---

1. Cruse: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, 143.
2. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 50.
3. Ibid., 51.
   Cape Cyclopaedia, Deel 1, 198.

skillende artikels van die Christelike geloof ondervra het, het hulle hom daarop gewys dat die ingewikkelde taal en die lae lewenspeil van die Hottentotte hom baie hoofbrekens sou besorg.[1] Daar Georg Schmidt van jongsaf reeds met 'n groot ywer vir evangeligasiewerk besiel was, het hierdie probleme hom geensins van stryk gebring nie.

As gevolg van die groot mate van welslae waarmee hy eksamen afgelê het, het die Direkteure besluit om hom met een van hulle skepe na die Kaap te stuur. Ter aanbeveling het die Here Sewentien op 3 Desember 1736 die volgende aanbevelingsbrief aan goewerneur Jan de la Fontaine gestuur:

> „In gevolge de Resolutie van de Vergadering der Seventienen, in dato 11 September dezes jaars, is den persoon van Georg Schmidt, op zijn versoek geaccordeert, omme vrij van transport en kostgeldt naar U. Ed. Gouvernement te mogen overgaan, en wijl gemelde Schmidt zijne inclinatie tot het pieus einde heen strekt, en mogelijk een gezegent werktuig zouw kunnen zijn, om het onweetent en onbeschaaft heijdendom tot bekeerlinge, of ten minste tot een zedigen en beter leven te brengen, zoo hebben wij denzelve op dezen bodem tot U. Ed. aan dezelve in dit goede voornemen alle hulp en adsistentie sult hebben te verleenen".[2]

Natuurlik moes daar in Holland allerlei reëlings getref word en bowendien is die vertrek van die skip vertraag, en so het dit 11 Maart 1737 geword voordat die seereis aanvaar is. Vir Schmidt het die gedwonge oponthoud in Holland tog die geleentheid gebied om Hollands aan te leer.[3]

3. <u>Aankoms, opdrag en werksaamhede wat sy sendingarbeid voorafgegaan het.</u>

(a) Op 9 Julie 1737 het Schmidt in Tafelbaai aan wal gestap. Beide die teruggekeerde goewerneur, Jan de la Fontaine, en sy aangestelde opvolger, Adriaan van Kervel, het die baanbreker op gulhartige wyse ontvang. Die nuus i.v.m. die aankoms van Schmidt met 't Huis te Rensburg het soos veldbrand deur die dorp versprei. Tydens die eerste aand van sy verblyf in die vreemde is hy diep getref deur 'n gesprek i.v.m. sy aan-

1. Cape Cyclopaedia, Deel i, 198.
2. Aangehaal deur Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, 363.
3. Georg Schmidt, en sy opvolgers, 1737-1937, 7.

koms en voorneme om onder die Hottentotte te gaan arbei. Na aanleiding van die gesprek het hy besluit om hom aan die geselskap voor te stel en so het hulle besware enigsins verminder. Binne 'n paar dae was die sendingpionier aan die meeste van die inwoners bekend en ernstiggesinde Christene het met dankbaarheid en vreugde van sy naderende vertrek na sy arbeidsveld verneem. Een van sy staatmaker- en invloedryke vriende was seker kaptein Johannes Tobias Rhenius lid van die Politieke Raad wie se huis altyd vir hom oopgestaan het wanneer hy Tafelbaai besoek het.[1)]

Op 11 Julie 1737 word die aankoms en oogmerk van Schmidt offisieel deur die Politieke Raad bekragtig en in die notule onder bogemelde datum word dit as volg genotuleer:

> „En dewijl met genoemden bodem 't Huis te Rensburg alhier is commen aantelanden zeker persoon genaamt Georg Schmidt met oogmerk om de Hottentotten, waare het mogelijk, uit het heijden-- tot 't Christendom te bekeeren, wil men hoopen dat sulx van een gewenschte uijtwerking zal mogen zijn, opdat de menschen dus tot de waare kennisse Gods mogen gebracht worden, waarom ook aan gen: persoon tot voortzetting van dat godvruchtig werk, en bereijking van desselfs goed oogmerk daaromtrent alle mogelijke behulpzaamheden zullen beweezen worden".[2)]

Gedurende sy verblyf aan die Kaap het hy ook kennis met di. F. Le Sueur en H. Kock (Kok) plaaslike predikante van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, gemaak en met hulle sy oogmerke i.s. die evangelisering van die Hottentotte bespreek. Een van hulle het volgens Schmidt opgemerk„that we should first begin with the conversion of the christians, and made difficulties with respect to my baptizing".[3)] Uit hierdie gesprek blyk dit duidelik dat die Here Sewentien sowel as die Nederduits-Gereformeerde predikante aan die Kaap streng aan die beginsel van Cujus regio, illius religio vasgeklem het. Derhalwe het hulle enersyds daarteen gewaak dat g'n vreemde leer, hetsy Rooms, Luthers of ketters, verkondig word nie en andersyds strenge

---

1. Aangehaal deur Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, 364.
2. Theal: History of South Africa, Before 1795, Deel 3, 43.
3. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 199.

kohtrole oor ondergeskikte kerklike amptenare uitgeoefen. Daarom is die Rooms-Katolieke priesters uit die Hollandse besittings verban en moes Lutherane[1] lank wag voordat hulle eie kerke in die Hollandse kolonies kon oprig. Kortom, die Nederduits-Gereformeerde Kerk is as die staatskerk beskou en geen ander kerk is geduld nie. Alhoewel Schmidt die kwessie van doop van Hottentotbekeerlinge met die twee Kaapse predikante bespreek het, het hulle hom uitdruklik versoek om nie die toediening van sakramente te beoefen nie.[2] In hoeverre daar enige ooreenkoms i.v.m. hierdie voorwaarde bereik is, is heeltemal onseker.

(c) Die goewerneur het Schmidt versoek om aan die Kaap te bly totdat 'n sekere boer vanuit die binneland sou kom om hom na sy werkkring te vergesel. Toe hierdie persoon nie opdaag nie, het hy vir enige weke lank by kaptein Rhenius aan huis vertoef. Intussen het hy begin werk soek, maar omdat slawerny 'n algemene instelling aan die Kaap was, kon hy geen verdienste vind nie. Ook was hy as vreemdeling sterk onder die indruk dat die Kapenaars baie goddeloos was en aangaande hulle skrywe hy dan as volg huis toe: „Ware kinders van God het ek nog nie gevind nie".[3]

Na 'n kort verkenningstog teen die einde van Julie het die groot oomblik van sy vertrek uiteindelik aangebreek. Die sersant van die Kompanjie se buitepos te Soetemelksvlei langs die Riviersonderend het Kaapstad besoek om proviand vir sy manskappe te kom haal. Die goewerneur het Schmidt persoonlik aan die sersant voorgestel en bevele gegee dat 'n helpende hand aan hom verleen moes word indien hy 'n woonhuis wou oprig. Schmidt was derhalwe in die wolke en het in aller haas sy bekendes en vriende vaarwel toegeroep.

4. Opvoedkundige werksaamhede te Soetemelksvlei en Baviaanskloof.

(a) Op 4 September 1737 het die eensame pionier saam met

---

1. Cruse: Die opheffing van die Kleurlingbevolking, 142.
2. Gerdener: Two Centuries of Grace, 1737-1937, 16; Cruse: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, 141-142.
3. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 7.

sersant Faustman en twee hottentot-bediendes, Afrika en Cupido, na die buitepos vertrek. Op 13 September het hulle Soetemelksvlei bereik en omtrent die eerste ontmoeting getuig Schmidt as volg: „the Hottentots came with music to meet me, and showed their joy at my arrival".[1)]

Hoewel die sersant aanvanklik sy tent tot die beskikking van die sendeling gestel het, het hy op 26 September reeds met die bou van sy eie huisie begin wat hy naas dié van Afrika en op die plek waar die meeste heidene gebly het, opgerig het. Met behulp van soldate en 'n paar Hottentotte is sterk balke in die grond geplant, 'n paar houte dwarsoor gelê en die dak se kappe daaraan vasgemaak. Die buitemure tussen die balke is opgeklei en die dak is met riet bedek.[2)]

Daar die Hottentotte 'n nomadiese bestaan gevoer het en uitsluitlik van vleis, melk en anyswortels geleef het, het Schmidt hulle geleer om die grond te bewerk en groente te plant. Op 15 September het hy reeds 'n tuin aangelê en, nadat hy die grond omgespit het, het hy begin om saad te saai.[3)]

In verband met sy werksaamhede gedurende die daaropvolgende aande skryf hy ondermeer in sy joernaal as volg: „Every evening (I) sat among the Hottentots in Afriká's hut, divided tobacco among them, and smoked with them".[4)] Ook het hy hulle meegedeel dat hy gekom het om hulle te leer werk en die Verlosser aan hulle bekend te maak. Hoewel hy in al sy gesprekke van Afrika, as tolk gebruik gemaak het, het hy spoedig tot die oortuiging gekom dat die aanleer van Hottentots 'n baie moeilike en tydrowende taak sou wees vanweë „the three different clicks and also because of the inability of the natives to impart their knowledge of the language to a foreigner".[5)] Derhalwe het hy besluit om die Hottentotte Hollands te leer. Op 27 Oktober het hy 'n begin gemaak om Afrika uit die Hollandse ABC-

---

1. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 199.
2. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 8.
3. Cape Cyclopaedia, t.a.p., 199.
4. Ibid.
5. Gerdener: Two Centuries of Grace, 17;
   Cape Cyclopaedia, Deel 1, 200.

boek te leer. Die dag daarna het nog twee ander begin en kort daarna het die eerste skool van volwassenes uit tien leerlinge (vier mans, twee vrouens en vier kinders) bestaan. Elke les is met gebed geopen en afgesluit. Op Sondae het hy vir hulle uit die Bybel voorgelees en oor die Heiland gepreek.[1] Voorts het hy ook getrag om bygeloof met wortel en tak onder hulle uit te roei.

Die eensame baanbreker is dikwels deur korporaal Karel Kampen, bevelvoerder van die buitepos te Soetemelksvlei, in sy hartbeeshuisie besoek. Hierdie besoeke het uiteindelik tot die bekering van Kampen gelei.

Ten gevolge van die nabyheid van die buitepos wat nie altyd so 'n weldadige invloed op sy volgelinge gehad het nie, asook die nomadiese leefwyse van die Hottentotte, het die pionier besluit om sy eerste werkkring te Soetemelksvlei prys te gee.[2] Voor sy vertrek het hy saam met een van sy volgelinge die nuwe tuiste langs die Sersantsrivier gaan besigtig en by die aanblik van die skilderagtige omgewing op sy knieë geval en die seën van die Here afgesmeek. Die waarnemende goewerneur aan die Kaap het hierdie verandering goedgekeur omdat dit wenslik was dat die sendingbedrywighede in die onmiddellike nabyheid van 'n Hottentotneersetting moes plaasvind. Rhenius het derhalwe opdrag gegee dat die soldate by die buitepos hulp moes verleen i.v.m. die aanbou van 'n nuwe huis en dat Schmidt net soveel land kon saai as wat hy vir sy eie onderhoud nodig sou hê.[3]

(b) Op 23 April 1738 het Georg Schmidt en agtien van sy volgelinge langs die Sersantsrivier by die ingang van Baviaanskloof, op die plek waar die teenswoordige Genadendal geleë is, aangekom. Hier is die bouery met behulp van drie soldate en ywerige volgelinge opnuut begin, maar vir die gelowige en godvrugtige apostel was dit geen beswaar nie. Nadat die huis

---

1. Georg Schmidt en sy opvolgers, 8.
2. Gerdener: Two Centuries of Grace, 17.
3. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 9.

voltooi is, het hy die heidene begin leer om tuin te maak. Groente soos ertjies, boontjies en patats en vrugtebome soos perskes en druiwe is vir die eerste maal in die pikswart vleigrond geplant. Omstreeks hierdie tyd het Schmidt ook die ou geskiedkundige peerboom geplant, wat die lotswisselinge van baie jare trotseer het en gevolglik beroemdheid in die geskiedenis van die Baviaanskloofsending verwerf het.[1] Ten spyte van alle voorligting, kla die sendeling as volg in sy dagboek: „But they had not yet the right mind to bodily labour, from which it often happened that they were in want of food".[2] Omdat die Hottentotte niks van die bewerking van grond geweet het nie en meestal 'n onbekommerde lewe gelei het, was hy dikwels verplig om sy voorrade met hulle te deel. Die mees gedugte hindernis i.v.m. die kerstening van die Hottentotte was in die karakter van die heidene self geleë. Aan allerlei vorme van ondeugde, meer bepaald drank en 'n weersin aan 'n gevestigde bestaan, was hulle verslaaf. As gevolg hiervan was hulle dan baie flegmaties, lui en lief vir slaap. Snags het hulle hul vermaak deur in die maanlig te dans en te sing. Hulle enigste besittings was beeste en skape en hulle het derhalwe net van melk, vleis en wortels geleef. Godsdiens en godsdienstige gewoontes het hulle nie geken nie, maar het tog in Tui'qua, hul groot god, en aan Gauna, die duiwel geglo.[3]

Ten spyte van die onverskilligheid van sy kudde, het Georg Schmidt met liefde en geduld onvermoeid voortgearbei. Op 4 Mei 1738 het hy weer begin skoolhou.[4] Kinders van afgeleë krale het na Baviaanskloof gestroom om Hollands te kom leer. Om in die behoeftes van hulle kinders te voorsien, het die ouers gewoonlik 'n paar melkkoeie saamgestuur en sodoende moes die leerlinge met melk en wortels klaarkom. Die skooldag was in die reël baie kort vanweë die onoplettendheid

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 54.
2. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 200-201.
3. Du Plessis: t.a.p., 54-55.
4. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 201.

van die leerlinge. Omdat die meeste baie moeilik begryp het, moes dinge oor en oor herhaal word. Godsdiensonderrig is gewoonlik tydens aanddienste gegee, maar ook hier moes die Skrifuitleg slegs 'n halfuur en nooit langer as 'n uur duur nie.[1]

Volwasse-opvoeding het vanuit die staanspoor die grootste hoeveelheid tyd van die sendeling in beslag geneem. Hy moes hulle leer hoe om hulle geykte ondeugde te bestry, hulle tradisionele swerwerslewe af te lê en 'n gevestigde bestaan te voer deur die grond te bewerk, gewasse te saai en te plant en huise, soos die waarin hy gewoon het, op te rig. In verband met die kerstening van die heidene het hy op alle moontlike maniere die waarhede van die Bybel aan hulle probeer verduidelik.

Ten spyte van al sy pogings het die harte van die Hottentotte vereers hard gebly. Die môre- en aanddienste is nie deur almal ewe goed bygewoon nie. Op ernstige wyse het hy hulle getoon hoeveel hy reeds vir hulle gedoen het en hulle gewaarsku om minder te sondig en onverskillig te lewe. Na sulke vermanings het hulle gewoonlik tot inkeer gekom en om vergifnis gevra. 'n Sekere Willem en vyftien ander wat taamlik gereeld die onderrigte bygewoon het, moes eendag vermaan word om die vee beter op te pas sodat hulle nie in die gesaaides loop nie. Toe hulle nie wou luister nie, het hy vir 'n tydlank geen dienste gehou of nog minder onderrig gegee nie. Ook i.v.m. die skoolonderrig van kinders het Schmidt baie moeilikhede ondervind. Stokkiesdraaiery, luiheid en kwajongstreke is deur die onkundige ouers deur die vingers gesien. Gevolglik het hy Willem aangestel om hulle op te pas, terwyl hy self hulle leer bid en hulle opvoeding in hande geneem het.[2] Geleidelik het daar 'n kentering gevolg en groot en klein het in kringe byeengekom om te bid. Willem het op oortuigende wyse aan sy stamgenote bely dat hy in sy hart die krag van

---

1. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 201.
2. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 10.

Gods Woord gewaar het. Afrika en Cupido het ook erken en betuig dat hulle slawe van die sonde was en 'n ernstige behoefte aan die genade van God gevoel het om hulle daarvan te ontketen. Om die Hottentotte derhalwe aan ordelikheid gewoond te maak, het Schmidt hulle in groepe of kringe verdeel en smôrens met hulle biduurtjies gereël.

Nieteenstannde alle omsigtigheid waarmee hy te werk gegaan het, is baie potensiële volgelinge deur bekendes in ander krale tot allerlei brasserye verlei. Andere is weer deur boere afgeskrik wat hulle oortuig het dat hulle die slawe van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie sou word sodra hulle 'n klein bietjie letteronderrig ontvang het.[1)]

Die meerderheid van die blankes het helaas min belangstelling in die werk van die eerste sendeling onder die Hottentotte getoon. Die rede hiervoor moet toegeskrywe word aan die feit dat Schmidt dikwels sekere boere wat hulle slawe en diensknegte slegte voorbeelde gestel het, bestraf het.[2)]

Dat die werk van Schmidt deeglik was, blyk uit die feit dat dit deur die inboorlinge soos Magdalena en andere self na sy vertrek voortgesit is. Sodoende het hierdie eensame Herrnhutter met sy duidelike visie van die behoeftes van die inboorling 'n nuwe oriëntering teweeggebring wat tot bitter stryd en miskenning aanleiding gegee het.

5. <u>Anti-beweging teen die Herrnhutters ten gevolge van besware van die Klassis van Amsterdam.</u>

(a) Mettertyd het die antipatie en onverskillige houding van baie blankes in regstreekse vyandskap teenoor Georg Schmidt oorgegaan. Hulle het derhalwe alles in die werk gestel om van hom ontslae te raak deur allerhande leuens oor hom en sy private lewe te versprei.

Intussen het die Morawiese Broeders in Europa moeilike tye beleef vanweë die feit dat „Count Zinzendorf had given

---

1. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 201.
2. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 11.

utterance to many peculiar views, and had introduced practices which could not commend themselves to many earnest Christians".[1] As gevolg van ernstige teëstand van die kant van die Gereformeerde Kerk in Holland, het een van die predikante van die Klassis van Amsterdam, ? Kulenkamp, in 1738 'n „Herderlike Brief" opgestel waarin alle Hollandse predikante teen die leer van Von Zinzendorf gewaarsku is. Intussen is hierdie „Herderlike Brief" van Kulenkamp aan die Kaap versprei en op 23 Julie 1739 is dit deur een van die Kaapse predikante aan Schmidt getoon. Alhoewel hy baie van die beskuldigings as leuenagtig bestempel het, het hy hom bereidwillig verklaar om deur die Gereformeerde predikante ondersoek te word en dat hy die leerstellings soos deur hom aan sy klein kudde verkondig, kon waarborg.[2] Desnieteenstaande getuig Schmidt „many not well-informed persons, both in the town and country, regarded me as a person to be shunned".[3]

In Holland was die toestand aanvanklik veel meer vyandig as aan die Kaap en ten spyte van die groot kring van vriende wat Von Zinzendorf gedurende sy besoeke in Holland gemaak het, ja ten spyte van die onderhandelings weens stigting van 'n Broedergemeente in Holland, het die kerkbestuur in Amsterdam deur hierdie brief die Morawiese Broederkerk gebrandmerk as 'n sekte wat nóg Gereformeerd nóg Luthers was en baie dwaalleringe verkondig.[4] Gelukkig het sommige Hollandse leraars en vrome vriende van die Morawiese Broederkerk soos ds. F. de Bruijn (de Bruin) sterk protes teen die insinuasies in Kulenkamp se brief aangeteken. Die graaf Von Zinzendorf, wat omstreeks hierdie tyd op reis na Amerika was, en sy gemeente het hulle op kragdadige wyse teen al die aantygings geweer. Nieteenstaande al hierdie verwerings is die uitbreiding van die Morawiese Broederkerk en sy opvoedkundige bedrywighede in al

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 55.
2. Ibid.
3. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 201-202.
4. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 11-12.

die Hollandse kolonies in Suid-Amerika en Ceylon geweldig belemmer en aan die Kaap selfs tydelik stopgesit.

Die besoek en pogings van die Morawiese sendelinge, David Nitschmann en dr. ? Eller op pad na Ceylon om „de kolonisten tot betere inzichten te brengen",[1] het die eensame werker grootliks bemoedig. Selfs die protesbrief onderteken deur vier lede van die Klassis van Amsterdam, waardeur sommige kerkmanne tot 'n metamorfose in hulle sienswyse oortuig is, het hom tot groter daadkrag aangevuur.[2] Desondanks het al hierdie gissings 'n uiters fatale uitwerking op Schmidt se kudde gehad. Sommige het hom verlaat, terwyl dié wat reeds onder diep indrukke van Gods genade gekom het, nie langer kon bly vanweë die kwaadpratery van Europeane nie.

Ten spyte van alle teëspoed is hy getrou deur die gemeente van Herrnhut en die graaf Von Zinzendorf bemoedig. Die Broedergemeente aldaar het die eensame godsman met gebede, briewe en gawes onderskraag en hy op sy beurt het hulle weer met briewe en verslae i.v.m. sy opdraande stryd en skamele suksesse gestig. Treffende briewe soos die van Von Zinzendorf en biskop A.G. Spangenberg het hom aangevuur om nie sy hande te laat slap word nie, maar om soos 'n held van die Here te stry vir die taak wat aan hom opgedra is.[3]

Schmidt het egter om hulp gevra en op 18 September 1738 het Paul Schneider en sy gade, huisouers van die weeshuis in Herrnhut, na die Kaap vertrek. Voordat hy verlof in Holland kon kry, is hy aldaar in Maart 1739 oorlede. Na die oorlye van Schneider is J.J. Schweickhardt, 'n teoloog van Tübingen wat so pas sy eksamen afgelê het, deur Von Zinzendorf na die Kaap afgevaardig. Hierdie jongman was gewillig om hom aan 'n deeglike eksamen in Holland te onderwerp om sodoende alle besware teen hom die nek in te slaan. Die Here Sewentien het

1. Marais: Geschiedenis der N.G. Kerk in Zuid-Afrika, tot op de Groote Kerk, 91.
2. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 202.
3. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 13.

hierdie aansoek egter kortaf geweier.[1]

(b) In Februarie 1741 is die twee pioniers na Ceylon deur die owerhede aldaar verdryf. Hierdie voorval het die vyande aan die Kaap oortuig dat daar iets ernstigs aan die leer van die Morawiese Broeders gehaper het. Toe Schmidt ds. Beck aan die Kaap 'n besoek bring, het hy hom vol antipatie gevind. In 'n gesprek wat hy met die leraar gevoer het, noteer hy as volg: „He proposed several things, such as in what manner I should instruct the Hottentots, and complained that we refused all superintendance". [2] Toe ds. Beck hom om die inhandiging van sy geloofsbelydenis gevra het, het hy die leraar daarop gewys dat niemand hom nog daarom gevra het nie en, alhoewel hy dit reeds 'n geruime tyd aangebied het, kon hy enigeen tevrede stel wat in die Woord van God glo. Voorts het hy hom daarop gewys dat sy volgelinge steeds meer en meer in verwarring omtrent al hierdie dinge gebring word, sodat dié wat in krale gebly het, geweier het om deur hom bearbei te word. Selfs boere wat hom i.v.m. bekering en Gods Woord kom spreek het, het nie sonder seën teruggekeer nie.[3]

Daar moet egter op gewys word dat Schmidt nie 'n georde- de sendeling was toe hy na die Kaap gekom het nie. In Maart 1742 het hy van die graaf Von Zinzendorf 'n skriftelike oorkonde ontvang wat hom instaat gestel het om die bondseëls uit te oefen. Op pad na Baviaanskloof het hy een van sy volgelinge gedoop en kort daarna vier ander. Die kort verhaal van die belangrike gebeurtenis soos Georg Schmidt dit in sy dagboek onder die 31e Maart 1742 vertel, laat ons in sy eenvoud tog die betekenis van daardie geskiedkundige oomblik voel. Dit staan as volg aangeteken:

> " „In die namiddag het ek weer van die Kaap weggery. Op pad het ek Willem gevra, of hy graag wou gedoop word. Hy het gesê,'Asseblief, meneer'. Toe het ek hom gesê wat die doop beteken. Toe kom ons aan 'n lopende rivier (d.w.s.

---

1. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 14.
2. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 202.
3. Ibid., 202.

die Steenbrasrivier, oos van Sir Lowry'spas). Ek het van my perd geklim, saam met Willem neergekniel en ons het gebid. Daarna het ek hom gevra:
Eerstens:‚Glo jy, dat die Seun van God aan die kruis vir die sonde van al die mense gesterf het'?
Antwoord:‚Ja'.
Vraag 2:‚Glo jy, dat jy van natuur 'n verdoemenswaardige mens is'?
Antwoord:‚Ja'.
Vraag 3:‚Wil jy die duiwel en al wat sleg is afsê'?
Antwoord:‚Ja'.
Vraag 4:‚Is jy gewillig om deur die genade van die bloed van die Heiland vir geen smaad en vervolging terug te deins nie en die Heiland voor die hele wêreld te bely en aan Hom getrou te bly tot die dood toe'?
Antwoord: ‚Ja'.
Vraag 5:‚Wil jy gedoop word'?
Antwoord:‚Asseblief, meneer'.

Toe het ek hom gesê om in die water te gaan staan en hom gedoop in die naam van die Seun wat vir ons gesterf het en in die naam van die Vader en in die Naam van die Heilige Gees. Amen. Sy naam is Josua".[1]

Op die 2e April is Afrika in die teenwoordigheid van Josua in 'n klein stroompie naby die huisie van Schmidt gedoop en is Christiaan genoem. Die volgende week is Vehettgen, 'n Hottentotvrou, Kybbodo (Cupido) en die suster van 'n seker Moses gedoop en hulle is onderskeidelik Magdalena, Jonas en Christina genoem.[2] Hierdie vyf eerstelinge was egter helaas nie die enigste wat Schmidt gedoop het nie. Met hierdie eerste lede van sy christelike gemeente het hy elke aand 'n afsonderlike diens gehou om hulle te inspireer en van 'n moontlike verval te vrywaar. Daarna het hy soos gewoonlik 'n diens in die vorm van 'n algemene vergadering vir die heidene gehou. Aanvanklik het dit met die eerste dopelinge goed gegaan, maar langsamerhand het hulle weer die krale begin besoek en so hulle godsdiens nie uitgeleef nie en hulle onderrig verwaarloos. Voorts het die belastering van die sogenaamde christene ook pasgedoopte bekeerlinge heeltemal verwar.

Toe die nuus in Kaapstad rugbaar word dat Schmidt Hotten-

---

1. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 15; Cape Cyclopaedia, Deel 1, 203.
2. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 16.

totte gedoop het, het goewerneur Swellengrebel hom gelas om voor die Politieke Raad te verskyn en te verklaar wat hy gedoen het. Nadat die geskrewe ordening en die gesag van die Morawiese Broederkerk om so 'n ordening uit te reik deur die Politieke Raad betwis is, het hulle Schmidt verbied om die doop en die sakrament van die Heilige Avondmaal te bedien tot tyd en wyl hulle in hierdie verband deur die Klassis van Amsterdam geadviseer is.[1)]

Op las van die Politieke Raad het 'n kollege predikante, Frans le Sueur van Kaapstad, Wilhelm van Gendt van Stellenbosch en Salomon van Eckten van Drakenstein 'n brief aan die Klassis van Amsterdam gerig waarin hulle die volgende besware teen Schmidt se optrede gelug het:

(i) Volgens die bepalings van verskillende sinodes moes onderwysers eers ondersoek word voordat hulle kon gaan skoolhou en in die skole moes slegs die erkende leerstukke van die Nederduits-Gereformeerde Kerk onderrig word. Volgens hulle was Schmidt geen lid van die Nederduits-Gereformeerde Kerk nie, maar wel een„van die secte der Herrnhutters".

(ii) Die graaf Von Zinzendorf het geen reg gehad om Schmidt te orden of om hom te magtig om Hottentotte te doop nie, aangesien hy in die gebied van die Kompanjie gewoon het. Hierdie reg het uitsluitlik by die Klassis van Amsterdam berus. Voorts kon iemand nie per akte georden word nie, want dit moes deur handoplegging geskied.

(iii) Ten slotte het die doop ook op onreëlmatige wyse geskied aangesien bejaardes „in de kercken voor de gantsche gemeente" gedoop moes word.[2)]

Hierdie brief gedateer die 26e September 1742 word afgesluit met 'n versoek dat die ketter teruggeroep moes word en dat een of twee sieketroosters van die Nederduits-Gereformeerde Kerk na Baviaanskloof gestuur moes word om die Hottentotte aldaar te baarbei.

In November van dieselfde jaar is twee van Schmidt se dopelinge, Josua en Christiaan, gelas om in Kaapstad 'n eksamen te kom aflê aangaande hulle kennis van die Bybel en ver-

---

1. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 203.
2. Spoelstra. Bouwstoffen, Deel 1, 195-199.

moeë om te kan lees. Dat die deeglike toets verbasend goed afgelê is, blyk uit newegaande sitaat uit die dagboek van Schmidt:

> „They declared that they believed in God the Father, Son and Holy Ghost; and answered the questions put to them to the satisfaction of their examiners. Having read the 3rd Chapter of St. John, at the request of the Council, one of the ministers exhorted them to hold fast what their master had taught them".[1]

Hierdie uitslag het Schmidt tot dankbaarheid gestem.

Mettertyd het die ontevredenheid ten opsigte van die Morawiese Broeders so hoog geloop dat sommige van die inwoners wat hulle simpatiek gesind was, voor die Kaapse kerkrade gedaag en as ketters bestempel is.[2]

(c) Die Klassis van Amsterdam het met die sienswyse van die Kaapse predikante i.s. die veronderstelde dwaalleringe van die Morawiese Kerk asook die vrees dat Schmidt ook blankes uit Overberg (Caledon) sou doop, akkoord gegaan. Op 5 Desember 1743 rig hulle dan as volg 'n skrywe aan die verskillende Kaapse Kerkerade:

> „Wij wenschen, en wij sullen 't ook soeken te verkrijgen, dat er eenige bequame lieden uit de Gereformeerden in uw lieder gewest mogten worden aangestelt, om de elendige Hottentotten en welke menschen er meer (tot) Over Berg mogen sijn, in de Christelijke godsdienst te onderwijsen. De doop der Hernhutters is door de Synodens van Zuijdt- en Noordt-Hollandt onwettig verklaart, en op dien grondt heeft onse classis het kwalik genomen, dat de bij uw lieden sijnde Herrnhutter, Smit geheeten, heeft gedoopt en deswegens de handelingen van den Heer Gouverneur en en die van U Eerw. in desen gelaudeert".[3]

Die Klassis het voorts aanbeveel dat die predikante nie daarop moes aandring dat Schmidt uit die land verban word nie, maar dat hulle hom moes ontmoet en na bevind van sake handel.

Alle hoop dat sy saak in Holland in die regte lig sou gesien word, was nou verydel. Sy posisie as sendeling onder die Hottentotte het derhalwe nie alleen onuithoudbaar, maar ook uiters onaangenaam geword vanweë die verlating van sy swer swerflustige volgelinge en die wanvoorstellings van naburige

---

1. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 203 - 204.
2. Ibid., 204.
3. Spoelstra: Bouwstoffen, Deel 2, 75-77.

boere wat beweer het dat sy leer nie ooreenkomstig die Bybel korrek was nie. Onder dergelike omstandighede was hy verplig om beswaar by die Politieke Raad te opper en sodoende is die sersant in bevel van die militêre pos beveel om die hele kwessie te ondersoek. Alhoewel die Politieke Raad hom volle beskerming in hierdie verband beloof het, kon hy egter nie weer daarin slaag om sy verstrooide kudde byeen te bring nie.[1)]

As gevolg van al hierdie teenkanting noteer Schmidt: „I applied to my brethren for leave to return home".[2)] Toe hy later van Herrnhut verneem dat hulle geen beswaar teen sy terugkeer het nie, het hy op 28 Januarie 1744 voor die Politieke Raad verskyn en hulle om 'n vry passaat met een van die Kompanjie se skepe na Holland versoek.[3)] Nadat die Raad hom die vergunning toegestaan het, het hy van sy klein gemeentetjie van sewe-en-veertig (26) siele[4)] op hartroerende wyse afskeid geneem en hulle aan die sorg van Christian, een van sy eerste dopelinge, toevertrou tot tyd en wyl hy of ander leraars sou terugkeer om die werk te hervat. Die goewerneur Swellengrebel het hom op versoek die versekering gegee dat sy gemeente in Baviaanskloof ongestoord mag bly woon en dat sy tuiste beskerm sal word.

Nadat hy van die neën-en-dertig blankes te Zoetemelksvlei en later van sekere vriende in die Kaap afskeid geneem het, het hy op 5 Maart na Europa vertrek om nooit weer terug te keer nie.[4)]

6. Pogings tot voortsetting van Schmidt se werk.

(a) Daar Georg Schmidt deur die optrede van die Politieke Raad en die besluite van die plaasliks geestelikes aan die Kaap i.v.m. sy sendingbedrywighede gekortwiek is, het

1. Theal: History of South Africa, Before 1795, Deel 3, 59; Marais: Geschiedenis der N.G. Kerk in Zuid-Afrika tot op de Groote Kerk, 92.
2. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 204.
3. Theal: t.a.p., 62.
4. Oor die aantal siele bestaan verskil van mening. Smith in „History of Missionary Societies", Deel 1, 206, praat van forty-seven persons"; „Georg Schmidt en sy Opvolgers", 1737-1937, 18 beweer daarenteë dat dit „26 getroues" was.

hy besluit om na Europa te vertrek met die vertroue dat die Direkteure op sy aandrang die bevel insake doopsbediening sou hersien en dat hy na Suid-Afrika, vergesel van assistente, sou kon terugkeer om sy werk te hervat.[1]

Na sy aankoms op 17 Junie 1744, het die Morawiese Broederkerk in Europa alles in die werk gestel om die werk van die pionier te hervat. Op die sinode van 1744 is beraadslaag hoe om die terugkeer van Schmidt te bewerkstellig of om ander in sy plek te stuur. Een voorstel was „dat hy (Schmidt) sonder die wete van die Oos-Indiese Kompanjie in St. Helenabaai aan die land sou gaan en daarvandaan oor land na Baviaanskloof".[2] Nadat hierdie voorstel verval het, het graaf Von Zinzendorf aan die hand gedoen om Georg Schmidt oor land van Alexandrië in Egipte na die Kaap te stuur. Omdat geen ander uitweg moontlik was nie, het die sinode besluit dat dit nie genoegsaam rede was om die saak prys te gee nie omdat daar in Afrika soveel heidene was wat begerig was om die ewige heil deelagtig te word.[3]

(b) Georg Schmidt het natuurlik ook nie stilgesit nie, want in 1745 het hy saam met ander Broeders wat voornemens was om hom na Suid-Afrika te vergesel, na Holland gegaan om sy saak voor die Here Sewentien te lê. Verskeie vriende in Holland was vol vertroue omdat Von Zinzendorf Schmidt deur die simpatieke ds. De Bruijn wou laat orden. Die Direkteure het egter geweier „to permit any other church than the Dutch Reformed to be established in the colony".[4]

Kort hierna het hy 'n tweede aansoek gerig en, alhoewel „his affecting representations made some impression on his authorities at Middelburg..... his hopes were entirely disappointed in Amsterdam".[5] Hierdie teleurstellende houding van laasgenoemde was veral te wyte aan besware van kooplui in

---

1. Theal: History of South Africa, Before 1795, Deel 3, 62.
2. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 19.
3. Ibid.
4. Theal: t.a.p., 62.
5. Cape Cyclopaedia, Deel 1, 204-205.

Amsterdam. Sodoende was die ywerige godsman verplig om onverrigter sake na Duitsland terug te keer. Wat die teleurgestelde Schmidt veral opgebeur het was die berigte wat hy van tyd tot tyd deur middel van vriende aan die Kaap ontvang het dat sy arbeid onder die Hottentotte steeds vrug afgewerp het.[1)]

(c) Na die weiering van die tweede versoek, het Von Zinzendorf besluit om 'n gereformeerde teoloog, eerw. L.W. Weiss, na Suid-Afrika te stuur. Hoewel hierdie jongman wat 'n groot verheerliker van Von Zinzendorf was, 'n vurige verlange gekoester het om na die heidenwêreld te gaan, kon sy begeerte ook nie verwesenlik word nie.[2)]

Alhoewel tevergeefse pogings gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu aangewend is om die onvoltooide arbeid van die groot baanbreker te hervat, het hy nogtans van 1745 tot 1785 baie getroue dienste in Europa gelewer. Na sy huwelik met Maria Wahowsky (Warhowsky), 'n werkster onder jong dogters in Berlyn, het hy Marienborn waar hy jongmanne bearbei het, verlaat en onder die Wende en Bohemers gaan werk. Twee kinders is uit die huwelik gebore en, hoewel hulle die ouerpaar vroeg ontval het, kon die swaar beproewing hulle nie ontstem nie. Vanaf 1752 was hulle in Niesky werksaam alwaar Schmidt met die bediening van die gemeente gehelp het. Naas evangelie-dienaar was hy in baie opsigte 'n geëerde man en het onder meer as lid van die konferensie van ambagsmanne, kerkdienaar en lid vir die reëling van kerkgelde gedien. Na die oorlye van sy eggenote in 1780 het hy onder wewenaars gaan arbei. Op 2 Augustus 1785 is hy na 'n skielike aanval van beroerte in die rype ouderdom van 76 jaar oorlede.[3)]

Hoewel Georg Schmidt 'n gebrekkige teologiese opleiding gehad het en daarbenewens min intellektuele bekwaamhede besit het, was hy desnieteenstaande „a man of simple and strong character, absolutely clear in his conviction of salvation

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 59.
2. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 19.
3. Ibid., 20.

through Christ, firm in faith, powerful in prayer, abundant in good works" en bowenal „there burned in his bosom the flame of a glowing love to his Saviour, out of which were born a deep affection for the brethren and an undying passion for souls".[1] So het hierdie „eenvoudige landman" soos goewerneur Swellengrebel hom tipeer het, gelewe en uiteindelik in verlangende afwagting gesterwe.

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 59.